# Laerskool Villieria

Telefoon: 012 331 1100
012 330 0110
Faks: 012 331 4916
E-pos: villiesskool@icon.co.za

Posbus 31520
Totiusdal
0134

Ben Swartstraat
Villieria
Pretoria
0186

24 Januarie 2025

Geagte Ouers/Voogde

**NUUSBRIEF 3/2025**

**NUWE-/BELANGRIKE BOODSKAPPE**

**BELA-WETGEWING (Inligtingsessie)**
Ons nooi alle ouers/voogde om op Woensdag, 12 Februarie 2025 (17:30) in die skoolsaal die belangrike inligtingsessie by te woon.

**GRAAD 6-INLIGTINGSAAND**
Die graad 6-Inligtingsaand, Maandag, 27 Januarie 2025 (soos per vorige e-pos), gaan gekombineer word met die inligting rondom die Geslagsvoorligtingprogram. Ons vra dat daar GEEN leerders in die saal teenwoordig sal wees tydens die vergadering met die ouers nie.

**BROODJIEPROJEK**
Ons is bewus daarvan dat sommige gesinne tans finansieël onder druk verkeer en nie in staat is om daagliks vir hul kind(ers) 'n broodjie in te pak nie. Indien u tans in hierdie posisie is, vra ons dat u asseblief 'n versoekbriefie aan u kind se klasvoog stuur met u kind se naam, van ens klas op. Dit sal ons in staat stel om die nodige reëlings te tref om 'n broodjie vir u kind(ers) elke 1ste pouse te voorsien.

**KOPLUISE**
Ons vra weer ernstig dat u, u kind(ers) se hare gereeld sal nagaan vir kopluise. Ons wil nie dat hierdie ondier kop uitsteek nie. Behandel die kopluise vroegtydig en deeglik.
Neem kennis, 'n kind met kopluise mag nie skool toe kom nie, aangesien ander kinders dan ook daar onder kan ly en 'n groter probleem in die skool veroorsaak word. Indien daar nood is en u nie dadelik die produk vir behandeling kan bekom nie, kan u die skool nader vir 'n produk vir behandeling.

**FOTO'S**
- **Individuele foto's**
  Graad R- tot graad 7-leerders se individuele foto's word Donderdag, 30 Januarie 2025 geneem. Alle graad 1- tot 7-leerders netjies geklee in skoolklere volgens skoolreëls, en graad R-leerders in hul gewone klere.

**GESONDHEIDSVORM**
Graad R- tot 7-leerders ontvang Maandag, 27 Januarie 2025 'n Gesondheidsvorm vir u om in te vul.
Die inisiatief word jaarliks geloods deur die Departement van Gesondheid. Ons het nie beheer wat hul die kinders toedien of wanneer hul kom nie.
Slegs graad 5-dogters kry die HPV-inspuiting (net een inspuiting).

Lees asseblief die vorm noukeurig deur. Indien u nie wil hê dat u kind(ers) enige iets moet ontvang vanaf die Departement van Gesondheid nie, kan u net 'n streep deur die vorm trek en terugstuur. Alle vorms moet asseblief voor of op Vrydag, 31 Januarie 2025 teruggestuur word na u kind se voogklas, of u toestemming gee al dan nie.

**AKADEMIE (Graad 4 – 7)**

➢ **Eksamenrooster vir kwartaal 1**

| DATUM | GRAAD 4 – 6 | GRAAD 7 |
|---|---|---|
| Donderdag, 20 Febr. '25 | Engels | Engels |
| Maandag, 24 Febr. '25 | Afrikaans | Afrikaans |
| Donderdag, 27 Febr. '25 | Wiskunde | Wiskunde |
| Dinsdag, 4 Mrt '25 | NW/Teg | EBW |
| Donderdag, 6 Mrt '25 | SW (Geskiedenis) | NW |
| Dinsdag, 11 Mrt. '25 | SW (Geografie) | SW (Geografie en Geskiedenis) |

**GRAAD 6-LEIERONTWIKKELINGSTOER**

Soos reeds verlede jaar gekommunikeer. Die Beheerliggaam en Skoolbestuur het besluit dat ons elke jaar ons graad 6-leerders op 'n toer gaan stuur.
Die plek wat ons gevind het, wat in al ons behoeftes voldoen, is Jubaweni. Die toer vind plaas vanaf Maandag, 13 Oktober 2025 tot Donderdag, 16 Oktober 2025.

Ons wil nou reeds die koste aan u deurgee sodat dit nie eenmalig uit u sak moet kom nie.
U het wel twee opsies om van te kies, naamlik:

- ✓ Opsie 1: Die volle bedrag eenmalig R2 000.00.
- ✓ Opsie 2: Paaiemente soos u kan, vanaf Januarie 2025 – September 2025.

Alle gelde moet asseblief voor of op Dinsdag, 30 September 2025, ten volle betaal wees.
Indien u elektronies betaal in die skool se bankrekening, moet u verwysingsnommer soos volg lyk: U *FAMILIEKODE* en die woord *LEIERTOER*.
Volledige inligting rakende die toer sal op 'n later stadium aan u deurgegee word.

**OUERTOEGANG TOT DIE SKOOLTERREIN**

Ons vra weer vriendelik vir ouers/voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid. Toegang kan SLEGS verkry word deur aan te meld by die kantoorhekkie in Ben Swartstraat. Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie. Ingang by die kantoorhek is beskikbaar Maandae – Donderdae (07:00 – 14:15) en Vrydae (07:00 – 13:45).

**SPORT**

- **Hekkies / Naellope (Afrigting)**
  Kontak asseblief mev. Myrtle Grobler by 082 820 1989 vir navrae en meer inligting rakende hekkies en naellope. Afrigting/oefening vind plaas by Hoërskool Oos-Moot.

- **Netbal**
  **Dogters o/10 – o/13**
  ➢ **Toernooi vir A- en B-spanne**
  Ons wil die volgende datums en kostes onder u aandag bring indien u dogter gekies word vir die A- of B-span.
  - ✓ Vrydag, 14 Maart 2025 — 10:00 – 19:00 — By Curro Hazeldean
  - ✓ Saterdag, 15 Maart 2025 — 06:00 – 19:00 — By Curro Hazeldean

  *Koste ± R600.00 per dogter vir beide dae.*

- **Netbalrokkies**
  Netbalrokkies vir 2025-seisoen, is dieselfde as verlede jaar s'n. Dogters wat wel 'n nuwe netbalrokkie moet aankoop, moet op die onderstaande dae (volgende week) kom pas hier by die Klere Hub sodat ons weet hoeveel van elke grootte bestel moet word.
  o/13 – Maandag voorskool en gedurende die 2 pouses.
  o/10 – Dinsdag voorskool en gedurende die 2 pouses. (Almal sal moet pas, aangesien niemand 'n rokkie gehad het nie).
  o/11 – Woensdag voorskool en gedurende die 2 pouses.
  o/12 – Donderdag voorskool en gedurende die 2 pouses.

  GEEN rokkies word nou aangekoop nie, ons gaan eers voorraad bepaal.
  U is welkom om u dogter se mooi opgepaste tweedehandse netbalrokkie aan ons klerebank te skenk vir dogters wat nie 'n nuwe een kan bekostig nie. Mevrou Corinda Sinden by ons Klere Hub sal die rokkies inneem.

- **Vaardigheidsoefeninge**
  Oefentye vir die komende week:
  - ✓ Maandag en Dinsdag 14:00 – 15:00
    *Onthou jou tekkies, hoed, water en sonbrandroom.*

- **Atletiek**
  - **Byeenkomste**
    - ✓ Weens die byeenkoms van Donderdag, 23 Januarie 2025 wat gedeeltelik uitgereën het, gaan ons Maandag, 27 Januarie 2025 (7:00 – 9:30) hier by ons die volgende items uitdun:
      - ✓ o/13 Seuns en Dogters — Hoogspring
      - ✓ o/13 Seuns en Dogters — Verspring
      - ✓ o/12 Seuns en Dogters — Hoogspring
      - ✓ o/12 Seuns en Dogters — Verspring
      - ✓ o/11 Seuns en Dogters — Gewigstoot
      - ✓ o/10 Seuns — Gewigstoot
    - ✓ Die volgende byeenkoms vind Donderdag, 30 Januarie 2025 tuis plaas teen Curro Hazeldean, Eduplex en Laerskool Tuine. Atlete wat deelneem sal n program ontvang.

    Atlete neem deel by byeenkomste in die volgende drag alleenlik:
    - ✓ Villiesdrag, of
    - ✓ Afmou villieshemp of
    - ✓ Villies ski-pant wat net bo die knie eindig (beskikbaar by Villies-Klerehub).

  - **Oefentye vir die komende week:**

| MAANDAG | o/7 – o/9 | o/10 | o/11 | o/12 | o/13 |
|---|---|---|---|---|---|
| 7:30 – 8:00 (Saalperiode) | | Aflos | Aflos | Aflos | Aflos |
| **DINSDAG** | | | | | |
| 6:30 – 7:00 | Middelafstande (o/9) | Gewigstoot | Hoogspring | Verspring | Naellope / Middelafstande |
| 7:00 – 7:30 | Aflos | Verspring | Naellope / Middelafstande | Gewigstoot | Hoogspring |
| 7:30 – 8:00 | Naellope | | | Spiesgooi / Diskus | Spiesgooi / Diskus |
| 13:45 – 14:15 | | Aflos | Aflos | Aflos | Aflos |
| **DONDERDAG** | | | | | |
| *Geen oefening in die oggend as gevolg van die individuele foto's wat geneem word van die leerders.* | | | | | |

Ons moedig atlete aan om by die oefeninge uit te kom. Atlete wat privaat oefen hoef nie by die skool te oefen nie. Die atlete kom in hulle Villiesdrag vir oefeninge en dan bly hulle so geklee vir die res van die dag.
LET WEL: Geen ouer/voog mag tydens skooloefeninge, atlete by die skool afrig nie.

- **Rugby**
  - **Bulletjierugby (Graad R- tot 2-seuns)**
    - ✓ Baie dankie vir al die ouers/voogde wat die Bulletjie-ouervergadering bygewoon het die afgelope Woensdag. Indien u nie die vergadering kon bywoon nie, kontak asseblief Johan Basson by 082 778 5800.

      Ons vra dat geen ouer/voog nou al gelde inbetaal nie. Sodra ons seker is van al die spelers se name, sal die Bulletjie-seisoenfooie op u rekeningstaat verskyn.

    - ✓ Alle persone of besighede wat graag as borg wil optree, kontak Johan Basson vir ‘n borgbrief waarop alle inligting is. Die afsnydatum vir alle borge, asook aanpas van truie, is Vrydag, 7 Februarie 2025.

    - ✓ Opleiding vir nuwe afrigters vind plaas by ons sportveld op Saterdag, 1 Februarie 2025 (09:00 – 10:00).

    - ✓ Oefening vir die spelers begin Woensdag, 5 Februarie 2025 (17:00 – 18:00).

  - **Rugby-ouervergadering (Graad 3- tot 7-seuns)**
    Hiermee word al die belangstellende ouers uitgenooi na die Rugby-ouervergadering op Woensdag, 29 Januarie 2025 (18:00) in die skoolsaal. Parkering sal nader aan die datum gekommunikeer word.

  - **Rugbyproewe (Seuns o/9 – o/13)**
    Rugbyproewe vind plaas Saterdag, 25 Januarie 2025. Bring asseblief water en ‘n hoed saam en smeer sonskerm aan. Seuns trek ‘n oefenbroek aan, truie word voorsien.
    - ✓ o/9 — 08:00 – 12:00 (Oorbruggingswedstryde)
    - ✓ o/10 — 09:00
    - ✓ o/11 — 10:00
    - ✓ o/12 en o/13 — 11:00

    LET WEL: Proewe is nie verpligtend nie. Seuns betrokke by die atletiek, kan na afloop van die atletiekseisoen inval by die rugbyoefeninge. Aangesien die kans bestaan dat ‘n atleet ‘n besering kan opdoen as gevolg van kontak tydens rugby, doen elke atleet en/of speler wat opdaag vir rugbyproewe en/of rugbyoefeninge, dit op eie risiko.

  - **Rugbytoere**
    Hiermee wil ons graag die ouers/voogde herinner aan die verskeie rugbytoere van die verskillende ouderdomsgroepe. Die spelers wat betrokke is by die verskillende toere, sal in Februarie 2025 briewe ontvang.
    - ✓ o/9 en o/10 — 14 – 16 Maart 2025 — By Zwartkloof
      *Koste behoort R1 400.00 per speler te beloop.*
    - ✓ o/11 en o/13 — 23 – 26 Maart 2025 — By Laerskool Pionier (Volksrust)
      *Koste behoort R2 000.00 per speler te beloop.*

- **Rugbyoefening**
  Oefentye vir die komende week:
  - ✓ o/9 en o/10 14:00 – 15:00 Maandag en Dinsdag
  - ✓ o/11 – o/13 15:00 – 16:00 Maandag en Dinsdag

**KULTUUR**

- **Revue**
  Ons is opgewonde om u mee te deel dat Laerskool Villieria weer gaan deelneem aan Revuekompetisies en Kunswedstryde in 2025.
  Daar sal hierdie jaar weer 2 Revuegroepe wees naamlik, die Junior Revuegroep vir belangstellende graad 1- tot 3-leerders, en die Senior Revuegroep vir belangstellende graad 4- tot 7-leerders.
  Let asseblief op na alle inligting rakende die revue-oudisies in die Revue-oudisiebrief aan u gestuur per e-pos op Donderdag, 23 Januarie 2025.

**HERHALENDE BOODSKAPPE**

**FINANSIES**

- **Onderriggelde**
  Kwaliteit onderrig en 'n skooltrots is twee van die belangrikste kenmerke van Laerskool Villieria. Om hierop voort te bou, vra ons u samewerking ten opsigte van die betaling van u kind(ers) se onderriggelde.

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgeld en rekeningstate**
  - Rekeningstate was Maandag, 20 Januarie 2025 per e-pos aan alle ouers/voogde uitgestuur. Indien u nie 'n e-pos ontvang nie, kontak asseblief die finansiële kantoor by finansies@laerskoolvillieria.co.za
  - Aansoekvorms vir vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde is per e-pos beskikbaar. Vorms word nie by die finansiële kantoor afgehaal of ingehandig nie, maar wel per e-pos gestuur. Indien u so 'n vorm verlang, e-pos asseblief mevrou Ida Roodt by laasgenoemde e-posadres.
    Volledige besonderhede volg in Omsendbrief 1/2025 wat in die loop van volgende week aan alle ouers/voogde gestuur word.

**OUERINLIGTINGSAANDE**

Inligtingsaande vir ons ouers/voogde vind plaas op die volgende gegewe datums. Graad 4 – 7 vind plaas in die skoolsaal. Parkering beskikbaar binne die kerkterrein in 30ste Laan.

- ✓ Maandag, 27 Januarie 2025 (18:00) Graad 6
- ✓ Dinsdag, 28 Januarie 2025 (18:00) Graad 7

(Graad 2 tot -5 se inligtingsaande het reeds plaasgevind tydens hierdie week).

**TOESLUITKASSIES (Lockers)**

Alle leerders wie laas jaar toesluitkassies gehad het se slotte moes reeds verwyder gewees het om te verhoed dat die slot geknip word vir die nuwe aansoeke.
Alle graad 4- tot 7-leerders kan steeds toesluitkassies by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor kom betaal teen R150 elk vir die jaar. EFT-betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van *"First come, first serve."* Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik vir die jaar voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.
*LET WEL: GEEN TOESLUITKASSIES MAG GEDEEL WORD MET ANDER LEERDERS OF BOETIE/SUSSIE NIE.*

NEEM ASSEBLIEF KENNIS: GEEN toesluitkassie sal toegestaan word aan ‘n leerder sonder ‘n bewys van sy/haar kodeslot wanneer betaling gemaak word nie. Die rede hoekom ons slegs kodeslotte aanvaar, is omdat leerders dikwels die sleutels van hul slotte by die huis vergeet of dit verloor, en moet die slot dan geknip word. Ons terreinbestuurder is nie altyd beskikbaar om dadelik die slot te knip nie en veroorsaak akademiese probleme, want die leerder het dadelik hulle handboeke/take nodig wat toegesluit is binne sy/haar toesluitkassie.

**VERDAAGTYE**

Graad R- tot 7-leerders se verdaagtye (Maandae tot Vrydae) is as volg:

- ✓ Graad R – 2 13:00
- ✓ Graad 3 – 7 13:30

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

**LAERSKOOL VILLIERIA FACEBOOKBLAD**

Toegang tot Laerskool Villieria se Facebookblad is SLEGS vir huidige ouers/voogde van ons skool bedoel. Indien u ‘n Facebook “request” op Facebook stuur, maak seker u beantwoord alle vrae volledig asook u kind(ers) se volle naam en van.

**VILLIES-KLEREHUB**

Die Villies-klerehub voorsien jou kind 100% van sy/haar skooldrag en Villiesdrag. Ondersteun ons winkel, so maak ons saam ‘n verskil. Indien enige navrae rakende klere, krisisse en/of moontlike alternatiewe reëlings, kontak mevrou Corinda Sinden per e-pos by klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

- ➢ Winkelure (Maandae – Vrydae): 7:00 – 9:00

(Tensy tye vir ‘n spesifieke dag verander, sal dit vroegtydig aan u gekommunikeer word).

**VILLIES-GEBEDSGROEP (Villies-ouers Wat Bid)**

- ✓ Elke Maandag (7:15 – 7:45) in die Sportsaal oorbaan.
- ✓ Elke Donderdag (7:15 – 7:45) by die Moot Maats kleuterskool in 29ste Laan. (Oorkant die rolbalbaan).
- ✓ Om by die gebeds-whatsappgroep aan te sluit, volg hierdie skakel https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq

**KULTUUR**

- **Welsprekendheid**

  In 2025 trek Welsprekendheid ‘n nuwe baadjie aan, naamlik Redenaars. Ons wil graag ons leerders bemagtig en inskryf vir Redenaarskompetisies. Deelname is vrywillig en soos enige ander buitemuurs.

  Die eerste kompetisie waaraan die leerders kan deelneem, is ATKV-Redenaars. Hierdie inskrywings sluit reeds Vrydag, 21 Februarie 2025, daarom het ons dit goed gedink om ons Welsprekendheidsaande vroeër hierdie jaar te skuif. Leerders wat graag wil deelneem, moet hul name by juffrou Van der Bank kom opgee.

  - ➢ Vanjaar se Welsprekendheidsaande vind dan plaas soos volg:
    - ✓ Juniors – Maandag, 10 Februarie 2025
    - ✓ Seniors – Dinsdag, 11 Februarie 2025

  - ➢ Hiermee die temas weer soos in 2024 gekommunikeer:
    - ✓ Graad 1 – 3 Klei, Stem, Beweeg
    - ✓ Graad 4 – 5 Streep, Resep, Vloek
    - ✓ Graad 6 – 7 Klits, Spiraal, Ritme

- <u>Deelname aan ATKV-Redenaars en riglyne vir toesprake:</u>
  As skool kan ons slegs 12 leerders per afdeling (graad 1 – 3, graad 4 – 5, graad 6 – 7) inskryf. Indien daar meer as 12 leerders kom deelneem aan die Welsprekendheidsaande, sal daardie uitslae gebruik word om te bepaal wie deel gaan neem.
  Indien daar minder as 12 leerders is, sal ons aan al die leerders die geleentheid gee.
  Kostes beloop R230 per spreker om deel te neem aan ATKV-Redenaars, wat deur die ouers betaal moet word.

- <u>Struktuur van toesprake:</u>
  - ✓ Graad 1 – 3 — 2 – 3 argumente — 2 – 4 minute
  - ✓ Graad 4 – 5 — 2 – 3 argumente — 3 – 5 minute
  - ✓ Graad 6 – 7 — 3 – 4 argumente — 4 – 6 minute

  *(Graad 6- tot 7-leerders moet ook 'n onvoorbereide toespraak lewer tydens die ATKV-rondtes).*

Daar sal op 'n latere datum 'n onvoorbereide toespraak werkswinkel plaasvind om ons leerders toe te rus met die nodige kennis. Hou die Nuusbriewe dop vir inligting.

Gaan kyk gerus ook na die ATKV-Deelnemersgids vir meer wenke en riglyne.

**<u>SPORT</u>**

- **<u>Tennis</u>**
  Soos per vorige Nuusbrief, vind proewe plaas vandag, 24 Januarie 2025 by Villieria Tennisklub vanaf 14:00.
  <u>Leerders moet aan die volgende vereistes voldoen om aan die proewe deel te neem:</u>
  - ✓ Die leerder moet op sy/haar eie telling kan hou tydens 'n wedstryd;
  - ✓ Die leerder moet die bal korrek oor die net kan dien;
  - ✓ Die leerder moet die basiese reëls van tennis ken asook oor dubbelspel;
  - ✓ Die leerder moet in besit wees van sy/haar eie tennisraket.

**<u>GEDAGTE VIR DIE WEEK</u>**




Villiesgroete

**AJ GROBLER**
**WNMDE HOOF**

***<u>SIEN ADVERTENSIE OP VOLGENDE BLADSY</u>***

GEAKREDITEURDE HANDELAAR

JUAVA PET FOOD

OPTIMIZOR®

# HONDE/KAT KOS

Kontak my vir honde & kat kos.
Martin **082 6019201**




- GRATIS Aflewering
- 7 Dae 'n week
- 17:00 & 18:30 Weeksdae
- Saterdae & Sondae
- Plaas order voor 7am en ontvang selfde dag

**WHATSAPP**

082 6019201
Martin Jackman

